



deur N. H. THEUNISSEN

N VOLKSLIED wat oor die hele land gesing word, is die bekende „Oorkant die Spruit Staan daar 'n Blom.” Hierdie lied word egter, soos dit die geval met die egte volkslied is, op verskillende maniere in verskillende gedeeltes van die land gesing. In wyle dr. S. J. du Toit se bekende *Volkspoësie* word 'n aantal wisselvorme gegee. Hier volg ook 'n paar:—

(A) OORKANT DIE SPRUIT

1
Oorkant die spruit groei 'n skone blom;
Hoe sal ek maak om daar te kom?
Dis te ver om te loop, dis te na om te ry,
Hoe sal ek maak om haar te kry?

2
Die perde is maer, die pad is swaar;
Baie jonkêrels die vry ook daar;
Jy kan maar sê wat jy wil sê,
Die rooiwang-nooientjie wil ek hê.

3
Haar ma kan praat en haar pa kan slaan,
Maar 'k sal die liefling nooit laat staan;
Sy is my skatlam mooi en fradî,
Ek ry nie weg voor die hane kraai.

4
Oompies en tannies, dit is waar,
Sonder 'n nooientjie is bitter swaar;
Ek wil haar hê, ek sal haar kry:
Daarom wil ek na haar gaan vry.

5
Sy het blou oë, en vaal hare;
Dis die nooientjie wat ek wil hê,
Ek swaai haar dat die linte waai
Ek stop nie voor die haan eers kraai.

Hierdie laaste koeplet word ook gevind in „Ver in die Wêreld Kittie.”
Hier volg 'n wisselvorm:—

(B) DAAR OORKANT DIE SPRUIT

1
Daar oorkant die spruit daar woon 'n nooi;
Sy was nie rijk maar sy was mooi;
Haar rok was wit en haar linte blou,
Lief en mooi sê ek vir jou.

2
Daar oorkant die spruit staan daar 'n dam,

Daar gaan ek was en hare kam,
En naby haar huis daar staan 'n boom,
Daar hang ek my saal en toom.

3
Net voor die huisie staan daar 'n tuin,
Vol van blomme en geel jasmyn.
In die tuin se hoek staan daar 'n roos,
Daar gaan ek my soetlief troos.

4
Al is die huis van yster en staal,
Die bruinperd gaan haar daaruit haal;
Die rivier is vol en die trane rol,
Ek sal hom oor die brug laat hol.

Hier volg nog 'n wisselvorm:—
(C) DAAR OORKANT DIE SPRUIT

1
Oorkant die spruit is 'n goudgeel blom,
Hoe moet ek maak om daar te kom?
Die rivier is vol en die trane rol;
Die vosperd sal die brug oorhol.

2
Die pad is swaar en die perd is maer,
Baie jonkmans kuier daar,
Die deur kan wees van yster en staal,
Maar ek gaan haar daar dwarsdeur haal.

3
'n Vosperd met die kol voor die kop,
'n Jonkman sit met plesier daarop.
Dit witsakdoek in die linkersy,
Wys dat ek na die blom gaan vry.

4
Die nooientjie met die roos op die bors,
Daardie nooi sal my lewe nog kos;
Die liefling met die strik op die skoën,
Daardie nooi het lekker gesoen.

5
Ag nooientjie mooi kom sê maar ja,
Klaar staan die osse en wit tentwa,
Met die tentwa sal ons kerk-toe ry,
As ek maar net vir jou kan kry.

In 'n ou boek „Schetsen en Beelden uit Zuid Afrika,” vertel B. van Breemen dat die volgende woorde gesing is terwyl die „Schottische” gedans is. Let op dat baie van die woorde in die liedere wat ek so pas aangehaal het, verskyn:—

Oompie, oompie dit is waar,
Sonder 'n nooi is alte swaar.

KOOR:

Pappa, mamma, mag my maar slaan,
Ek sal die nooientjie nooit laat staan.

.. PAAR STEMME:

Jy kan sê wat jy wil sê,
Die nooi met die vaalhaar wil ek hê.

ANDER STEMME ANTWOORD:
Rondgery en rondgevry,
En tuisgekom en niks gekry.

'n Ander lied waarvan daar ook talle wisselvorme bestaan, is „Ou Tante Koos.” Ek noem dit hier, want in sekere wisselvorme word woorde wat in „Oorkant die Spruit,” voorkom, ook gevind:—

OU TANTE KOOS

1
Ou Tante Koos, sy is so dom;
Sy roer haar koffie met haar groot toon om.

Ou Tante Koos sy is so bly,
Sy dink sy sal 'n skoonseun kry.
Dis nie myne nie,
Dis nie joune nie,
Dis anderman se goed wat jy om stry.

2
Kort is die seun en lank is die pa,
Mooi is die dogter en lelik is haar ma,
Dis te ver om te loop, dis te na om te ry,
Hoe sal ek maak om die blom te kry.
Dis nie myne nie,
Dis nie joune nie,
Dis anderman se ding wat julle on dwing.

3
Hoog is die solder en laag is die vloer,
Mooi is die dogter en lelik is die moer,
Anderman se koffie, anderman se tee,
Anderman se dogter die draai al mee,
Dis nie myne nie,
Dis nie joune nie,
Dis anderman se reg waar julle om veg.

(Vervolg op bladsy 42)

ONS VOLKSLIEDJIES

(Vervolg van bladsy 13)

4
*Bo-op die berg daar staan 'n blom,
 Hoe sal ek maak om daar te kom,
 Toemaar ou Kolbooi, ou perd jy's
 koen,
 Vanaand sal ons die blou-oog soen.
 Dis nie myne nie,
 Dis nie joune nie,
 Dis anderman se vrou wat julle wil
 trou.*

Volgens dr. Du Toit, is die woorde:
 „hoog is de Zolder, leeg is de vloer,
 Schoon is de dochter,” nog uit Hol-
 land afkomstig en is dus seker baie
 oud.

In ander gedeeltes van ons land
 word 'n lied gesing, bekend as
 „Jannie Witkop.” Dis soos ons sal
 sien, slegs 'n wisselvorm van „Daar
 Oorkant die Spruit.”

JANNIE WITKOP

1
*Daar bo-op die berg daar bly 'n nooi;
 Sy was nie ryk, maar sy was mooi,
 Haar dres wat wit, haar linte blou;
 Dit lyk net mooi, sê ek vir jou.*

2
*Jannie Witkop, hy het ook gery,
 Om na die nooientjie te gaan vry,
 Haar ouers was daarmee hoogs
 tevreë,*

Want Jannie die het baie vee.

3
*„Jannie, my hart waar het jy gebly?”
 „Sannie ek kon ou Fleur nie kry.”*

„Haak die ou perd aan die kraalhek
 vas
 Dan kan jy jou hande kom was.”

4
*„Nee, Sannie, Fleur sal die hek
 afruk,
 Ek sien die ding is pure blik.”
 „Nee, Jannie, die hek is baie sterk,
 Want dis papa se handwerk.”*

5
*Die klok het die aand skaars agt
 geslaan,
 Toe is die ouers na bed gegaan.
 Jannie en Sannie sit langs mekaar;
 Die kers brand in die kandelaar.*

6
*Die nag het iets verskriklik gebeur,
 Die honde blaf en daar skrik ou
 Fleur,*

*Die ou perd ruk die kraalhek af,
 Laat spaner op 'n stywe draf.*

7
*Die aand was dit net ligte maan,
 Die ou se vee het uitgegaan,
 Niemand dink aan die arme ou siel,
 Die goed het al sy lande verniel.*

*Want Jan en San vry deur die nag,
 Tot Sondagmore helderdag.
 Die vee het in die lande gebly,
 Maar Jan het tog vir San gekry.*

Hier volg nog 'n variant. Die
 woorde is nagenoeg dieselfde, en het
 veertig jaar gelede in „Ons Klyntjie”
 verskyn.

DIE BRUINOOG NOOI

1
*As ek mag siek word, en ek mag
 sterf,
 Die bruinoog kan die bruin perd erf,
 Ja sy kan dan die bruin perd kry,
 Lank het ek met hom na haar gevry.*

2
*Die geel kamas en die rybroek aan,
 Die rooiperd loop op die reisesbaan,
 Die rooiperd loop aan die stang en
 kou
 Maar die bruine het sy eer behou.*

3
*Dié en dié met die strik in die sy,
 Dié en dié is die Pollie van my,
 Dié en dié met die pèrels om die nek,
 Dié en dié is ek baie na gek.*

4
*Dié en dié met die strik voor die bors,
 Dié en dié het my lewe gekos,
 Dié en dié met die strik op die skoene,
 Dié en dié het ek graag gesoen.*

5
*Dié en dié met die strik op die mou,
 Dié en dié wil ek dol graag trou,
 Dié en dié met die pluim op die hoed,
 Dié en dié is my eie goed.*

6
*Ek is die man wat die bruin perd ry,
 Ek is die man wat na jou kom vry,
 Ek is die man wat die bruin perd ry,
 Ek is die man wat jou sal kry.*

In die lied wat in „Ons Klyntjie”
 verskyn het, kom ook die volgende
 versies voor:—

*Ek is my ma se enigste kind,
 Waarom sal ek my aan jou verbind?
 Julle kan ry en julle kan sing,
 Lang sal julle om my moet dwing.*

Hierdie inlassing is egter foutief.
 Die wysie van „Ek is my Ma se
 Enigste Kind”, verskil heeltemal van
 die van „Die Bruinoog Nooi,” of van
 „Oorkant die Spruit”. Dit moet
 kennelik deur 'n meisie gesing word,
 en maak 'n deel uit van 'n ander lied
 wat verlore gegaan het.

(Word vervolg.)